Ontmoeting 3

Timoteus

Jonk vir Jesus

Teks: 1 en 2 Timoteus
Hulpmiddels:

- Slakkie die Posslak (meer inligting oor Slakkie Posslak in Boek 11 Ontmoeting 6 "Paulus se brief aan die Romeine")
- Oupa Pietie se brief
- Timoteus "legkaart" – Vir 'n groot groep vergroot die "Timoteus"- stukke so groot as moontlik. Indien julle in kleiner groepe verdeel, kan elke groep 'n A4-voorbeeld gebruik. Daar is 'n PowerPoint op die webblad beskikbaar vir diegene wat dit kan gebruik.
  Nog opsies:
  Groter kinders kan die stukke kry en self die teksverse opsoek, bespreek en die kernwoorde opskryf.
  Stukke kan ook met vilt geplak en op die viltbord aanmekaar gesit word, of gelamineer word en met 'n magneetstrokie of wondergom aan 'n witbord vasgesit word.
- Wol
- Gom
- Klei
- Toiletrolletjies

Welkom

Groei die boomstam: Staan in 'n kring en hou hande vas. Laat twee kinders hul hande los. Die een kind begin dan al om die sirkel aan die binnekant te stap en met elke rondte die sirkel kleiner te maak. Die res volg outomaties en spiraal dan in 'n kleiner "boomstam". Die laaste kind begin dan weer om die sirkel geleidelik groter uit te kring totdat hulle in die oorspronklike sirkel staan.

Wyding

Stilword-ritueel:

Sit stil op 'n plekkie, haal diep asem en blaas weer uit.
Luister na die volgende woorde:

"Die Here sien jou. Hy ken jou naam. Hy weet hoe oud jy is. Hy weet wat jy doen. Hy weet wat jy sê. Hy sien jou lag. Hy hoor as jy huil. Hy het jou gekies vir sy span."

Woord

Jesus het baie kinders op die aarde. Oral verspreid deur die wêreld. Oral waar kinders van die Here leef, wys hulle vir ander mense Wie Jesus is. Hoe wys hulle dit? (Deur hoe hulle lewe, wat hulle doen en sê, deur vir mense van Jesus te vertel en te bid.)

Kom ons noem sommer al die gelowiges "Jesus se span". Ons wat in Hom glo, is sy span. In die span is daar kinders, jongmense, grootmense en oumense. Alle soorte mense.

Baie jare gelede was daar 'n jongman in Jesus se span met die naam Timoteus. Hy en sy ma, Eunice, en sy ouma, Loïs, was saam in Jesus se span. Paulus was baie lief vir Timoteus. Hulle het mekaar op een van Paulus se sendingreise leer ken. Omdat hulle mekaar vertrou het, het hulle 'n baie hegte vriendskap gehad. Paulus het vir Timoteus op sy derde sendingreis saamgeneem.

Al was Paulus al oud en Timoteus nog baie jonk, het hulle saam vir Jesus gedien. Timoteus het graag na Paulus se raad geluister en Paulus het hom gehelp waar hy kon. Timoteus was nog 'n tiener toe hy die leier van 'n gemeente geword het. Dit was moeilik en daarom het Paulus vir Timoteus 2 briewe geskryf. Ons wag nou net vir Slakkie om vir ons oupa Pietie Preekstoel se brief te bring. Ons het vir hom gevra om vir ons te vertel wat in Timoteus se briewe staan.

(Slakkie kom uitasem in.) "Sjoe, nou het ek op my vinnigste geseil!! Oupa Pietie se brief was amper laat. Dis 'n swaar brief vir 'n slakkie soos ek om te dra."

Leier: Dankie, Slakkie.
Kom ons lees wat vertel Oupa Pietie Preekstoel.

"Kix-maats en -leiers. Ek het Slakkie se briefie gelees en was so bly om te hoor julle wil meer van Timoteus se briewe weet. Ai, ek het so baie daaruit geleer toe ek jonk was. As ek dit nie geweet het nie... nee, o aarde! Ek wil nie eers dink aan alles wat sou verkeerd loop in my lewe nie. Paulus se raad het my gehelp om Pietie Preekstoel te word."

"Ek het vir julle 'n legkaart gestuur. As jy dit aanmekaar kan sit, sal julle die raad hoor. Luister mooi daarna, want dit help 'n mens om 'n goeie spanlid in Jesus se span te wees."

"Hoop julle word net sulke dapper getuies soos Timoteus!"

Groete
Oupa Pietie Preekstoel

Raad vir 'n jong spanlid in Jesus se getuie span:

- **Verstaan** (Deel van kop) 1 Timoteus 2:8-3:16; 1 Tim 3:15 – "Sal jy dus weet", kan op die legkaartstuk geskryf word. (Paulus beskryf aan Timoteus die rol van ouderlinge en diakens, die pligte van mans en vroue, die plek van die weduwees, die rol van die gemeente en die waarheid van Jesus.)
- **Getroue getuie** (Mondgedeelte) 1 Tim 4:12; 2 Tim 1:8 (Al is hy jonk, moet hy nie bang wees om deur woord, daad en gesindheid te getuig en mense te leer nie.)
- **Respek vir ouer mense** (Bors en arm) 1 Tim 5:1 en 2 ('n Jongmens praat nie "skerp" met 'n ouer mens nie.)
- **Respekteer jou baas** (Bors en arm) 1 Tim 6:1 (Daardie respek sal maak dat ander mense nie kwaad praat van Jesus en sy span nie.)
- **Dankbaarheid** (Hande) 1 Tim 1:12 (God gee my krag, Hy kies my vir sy span, Hy is genadig met my, Hy gee my geloof en liefde, Hy het my van my sonde verlos – dit maak my dankbaar. Ek wil vir Hom dankie sê deur wat ek doen.)
- **Waarheid** (Middel) 2 Tim 3:14 (Oppas, nie enige een wat oor die Here en die Bybel praat, praat die waarheid nie.)
- **Staan sterk** (Bene) 2 Tim 2:22 (Al is jy jonk, hoef jy nie jouself te bewys deur alles te doen wat jongmense wil doen nie. Jy is in Jesus se span en is opreg. Liefde, vrede, geloof en 'n rein hart is vir jou die belangrikste.)
- **Gebed** (Knieë) 1 Tim 2 (Gebed oral, altyd, vir alle mense, met dankbaarheid en erns.)

- **Luister** (Ore) 2 Tim 3:14 (Luister na die regte mense. Wees gehoorsaam aan mense met gesag, maar kies baie mooi wat jy glo. Die Here sal jou deur die Bybel leer wat die waarheid is.)
- **Vervolging** (Voete) 2 Tim 2:24 en 2 Tim 4:5 (Doen wat jy moet doen, al is dit moeilik en al hou mense nie van jou nie. Bly vriendelik, al is mense lelik met jou.)

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter raad is vandag vir jou belangrik.
2. Ek wonder watter raad het al vir jou gewerk.
3. Ek wonder watter raad is vir jou die moeilikste.
4. Ek wonder hoe sou Timoteus vandag in jou skool behandel word.

Werskaf

- Versier Timoteus: Gee vir die kleiner kinders gekleurde wol om op die buitelyne te plak.
- Klei: Vorm 'n Timoteus of 'n "Jesus-span" uit klei. "Jesus-span" kan byvoorbeeld 'n kind, grootmens, jongmens, man en vrou insluit of die kinders kan self kreatief met die gedagte van 'n span omgaan.
- Sandboksmannetjies uit toiletrolletjies: Dieselfde opdrag as bo. Die kinders kan met hulle Jesus-span in die sandboks gaan speel.

Sluit af met die seënbede




Verstaan
Luister
Luister
Getroue getuie
Respek vir ouer mense
Respekteer jou baas
Waarheid
Dankbaarheid
Dankbaarheid
Staan sterk
Staan sterk
Gebed
Gebed
Staan sterk
Staan sterk
Vervolging
Vervolging